# Rustenburg Gemeenskapskerk

**23 November 2025**




Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
Ds. Ernst Gottschalk - 072 3954554
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902




## Hartlik welkom by die RGK



09h00 - Erediens
09h00 - Kleuterkerk
10h00 - Tee en koffie: Omgeegroep 8
11h30 - Kategese afsluiting en Lighthouse Kersfunksie by Bietjie Berg

Baie welkom aan
**SEMPRE MUSICA**
Wat 'n voorreg om die sanggroep Sondag by ons te hê!





Baie geluk aan Jaco en Zannerie Nortje met die bedieining van die Heilige Doop aan Jannro Nortje

### Belangrike datums vir November

30-Belydenis van Geloof



### Kerkbou-projek



Ons is tans besig met die beplanning oor wat ons Kerk se behoeftes vir die toekoms is. Daarná volg voorlopige sketsplanne. Besoek intussen die terrein, neem jou hondjie soontoe vir 'n stappie en kom met jou voorstelle en idees.

### Kyk na jou gesondheid hierdie feestyd



Baie mense skink en klink só 'n glasie in die feesseisoen wat voorlê. Ons wil dit ook doen met die klem op "gesondheid"



Dit is haalbaar, maklik en realisties. Hier is 'n paar maklike haalbare wenke:

- Drink 2 liter water per dag - dit is maklik
- Probeer een appel 'n dag eet - dit klink lekker!
- Eet broodrosyne - dit help….!
- Sny die suiker - want dit klou vas!
- Slaap agt uur per nag—dit is lekker
- Stap minstens 3 X per week so vining as moontlik vir 40 minute - "walk and see more!" en boonop skei dit endorfiene in jou brein af en dit is jou "voel goed" chemikalië!!

### Verjaarsdae 23-29 Nov 2025

23-Anje en John Ray Dos Santos
25-Cobus Swanepoel
27-Leoné de Jager
28-Andrew Brown (j)






## i - toonbank in portaal vir:



- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / Eposse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Almanakke
- Karnaval kaartjies

### Die gebed van 'n geseënde



God ons Vader, ek wil U dank dat ek 'n werk, pensioen of 'n belegging het. Dankie dat ek daardeur versorg is en dat ek myself en dié om my daarmee kan versorg. My gebed vandag is dat U my sal lei om hierdie inkomste reg aan te wend. Bevry my asb. daarvan om die geld te verkwis op nuttelose, onnodige, onbelangrike en selfs skadelike items. Lei my om dit eerder te gee waar werklike gebrek, honger en nood is. Ek weet dat alles wat ek is en besit van U af kom en daarom aan U behoort. Maak my gereed en gewillig om ook aan ander te dink. Maak my entoesiasties vir die uitbreiding van U koninkryk. Gebruik my geld, besittings, tyd en hande soos U dit nodig het.

### Musiek in die erediens



Die musiek in die erediens behoort jonk en oud te raak en te bedien. Stuur asb vir Esta en Monique jou voorstelle vir musiek binne die erediens

## Dankoffers en bydraes

**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

### Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van



***Kaart Fasiliteite by i-toonbank beskikbaar ***

### Veritas Bible College International



Veritas se beproefde en getoetste Bybelstudie–materiaal word in 52 lande en in 42 tale aangebied, waarvan Afrikaans één is! Skryf teen @R600 per jaar hiervoor in en leer 'n vaardigheid aan om die Bybel met respek te lees en reg te interpreteer.
Hierdie inhoud is vir mense van onskatbare waarde in hul verhouding met God en Sy Woord. Dit word aangebied gedurende 20 sessies per jaar, deur ons eie predikante. Gesels asb met die predikante en die mense by die i-toonbank

### Bid vir ons lidmate



- Hannetjie Barnard
- Ina Pretorius
- Breggie Opperman
- Ivy Swart
- Maddy Harvey
- Mariaan Nieman
- Retha Beumer
- Hercules Smit
- Marieta jv Rensburg
- Surien van Wyk
- Andrew Brown